# Suksesvolle lamkruipvoeding en 'skaapsielkunde'

*Deur Sumé Loubser (Pr.Sci.Nat), Feedtek*

Kruipvoeding behels die voorsiening van 'n spesiaal geformuleerde voer aan sogende lammers, afsonderlik van die ooie se voeding. Die lam drink steeds aan die ooi en wei saam, maar ontvang terselfdertyd 'n aanvullende voer om voedingstekorte aan te vul en rumenontwikkeling te stimuleer.

Kruipvoeding is eenvoudig en kan deur enige kleinveeboer aangewend word. Die voordele van voorspeense voeding is algemeen bekend en verskeie stelsels word suksesvol in die praktyk toegepas.

## Die hekkiestelsel

Die meeste kleinveeboere maak van die 'hekkiestelsel' gebruik (sien *Figuur 1*). Die lammers kry toegang tot die voer deur openinge in 'n heining of hek. Dit is groot genoeg vir die lam om deur te kruip, maar te klein vir die ooi. Die openinge moet ongeveer 20 tot 30cm wyd (a) wees vir grootraamrasse en lammers wat op 'n latere ouderdom gespeen word. Die hoogte van die openinge wissel tussen 40 en 50cm (b).

Daar moet verkieslik verskeie openinge wees, sodat die lammers van albei kante af toegang tot die kruiparea het en, indien moontlik, moet die openinge se spasies verstel kan word namate die lammers groei. Die aanbevole oppervlakte binne die hok is ongeveer 0,25 tot 0,4$m^2$ per lam, sodat genoeg lammers op een slag kan ingaan. Die kruiphekke moet minstens 1m (c) hoog wees om te keer dat ooie bo-oor spring.



*'n Voorbeeld van 'n kruipvoerpypstelsel met 'n PVC-pyp.*

Voorsien die kruipvoer in 'n voerbak of selfvoerder wat verhoed dat voer nat reën en lammers daarin klim. Voldoende vreetspasie is uiters belangrik om te verseker dat al die lammers toegang tot die voer kry. Die aanbevole vreetspasie is 5cm per lam, maar in gevalle waar selfvoerders gebruik word, kan dit minder wees, met 'n minimum van 3cm per lam.

Kruipvoer moet aanvanklik nie *ad lib* voorsien word nie, aangesien dit tot vermorsing kan lei weens lae inname. Deur daagliks vars voer te verskaf en die ou voer te verwyder, leer die lammers om gouer te vreet en neem inname gevolglik toe. Sodra die lammers goed vreet, moet die kruiphokke – veral op aangeplante weidings – gereeld geskuif word om vertrapping en die opbou van bakterieë en parasiete te voorkom.

**Figuur 1: 'n Kruiphekkie met 'n selfvoerder.**




## Die kruipvoerpypstelsel

'n Alternatiewe metode is die sogenaamde 'kruipvoerpypstelsel'. Met hierdie stelsel is kruiphekkies nie nodig nie, omdat die lammers tussen die ooie uit die pype kan vreet. Die gate in die pyp is groot genoeg vir lammers om tot op die bodem te vreet, maar klein genoeg om ooie tot by die helfte van die pyp te beperk.

Aanvanklik kan die pyp tot bo met ooi- en lamlek volgemaak word, sodat die lammers by die ooie kan leer vreet, en daarna kan kruipvoer in die onderste helfte gegooi word, sodat die ooie nie die voer kan bykom nie.

Enige polivinielchloried (PVC)- of staalpype van 25 tot 30cm in deursnee kan gebruik word. Die gate moet 'n deursnee van 14 tot 15cm hê. Vir lammers met horings, kan die gate ontwerp word om daarvoor voorsiening te maak. Een 3m-pyp het genoeg plek vir naastenby 15 gate, sowat 4cm uitmekaar, vir genoeg vreetspasie per lam.

Indien pype met 'n groot deursnee gebruik word, kan gate aan weerskante van die pyp gemaak word om meer lammers (tot 30 per pyp) toegang te gee. Dit is raadsaam om die voerpyp aan albei kante met 'n basis of voetstukke vas te maak, om te keer dat dit omrol en die voer uitval. Die pypstelsel is goedkoper as die hekkiestelsel en kan makliker verskuif word.

Dieselfde beginsel kan toegepas word met dromme, waar gate rondom die drom gemaak word. Een 210ℓ-drom, in die helfte gesny, verskaf twee



*'n PVC-drom met vreetgate vir lammers.*

voerbakke, elkeen met genoeg plek vir agt gate van 15cm in deursnee. 'n Deksel sal die voer teen reën beskerm en gaatjies kan in die bodem gemaak word sodat water maklik kan dreineer.

**Toepassing van 'skaapsielkunde'**

Om die voordele van kruipvoer doeltreffend te benut, moet lammers so gou as moontlik daaraan gewoond gemaak word. Deur sogenaamde 'skaapsielkunde' toe te pas, kan lammers se natuurlike instinkte gebruik word om hulle na die kruipvoer te lok:

*Band met die ooi*

'n Lam sal nie ver van die ooi af wegdwaal nie. Plaas kruiphokke dus in areas waar ooie tyd deurbring, byvoorbeeld waar hulle vreet, drink of slaap. Dit is ook nuttig om die ooie se voerbakke só te plaas, dat ooie met hul lammers verby die kruiphokke moet stap om by hul voerbakke uit te kom. Dit verseker dat die lammers nie op pad na die kruiphokke by die ooie se voerbakke stop nie.

*Nabootsing*

Lammers van ooie wat byvoeding ontvang pas vinniger aan, omdat hulle reeds op 'n vroeë ouderdom uit bakke leer vreet. Die kruipbakke kan dus aanvanklik vir die ooie se byvoeding gebruik word, sodat die lammers saam met die ooie begin vreet. Sowat 14 dae nadat die eerste lammers gebore is, kan die ooie se byvoeding met kruipvoer vervang word en kruiphekke omgesit word.

*Vrees vir die onbekende*

Vir pasgebore lammers is alles nuut en vreesaanjaend. Dit is dus raadsaam om hekke en bakke wat vir kruipvoeding gebruik gaan word, reeds vóór die eerste geboortes in die kamp te plaas, sodat dit reeds daar staan voor die lammers arriveer en hulle nie in 'n latere stadium afskrik nie.

*Gemaklikheid en nuuskierigheid*

Die area binne die kruiphok moet gemaklik wees om die lammers so lank as moontlik in die kruiparea te hou. Plaas die voer aan die voorkant van die kruiparea vir die eerste paar dae, sodat lammers die voer kan bykom sonder om in te gaan. Skuif die bakke mettertyd al hoe dieper, totdat die lammers ingaan.

Voorsien skaduwee bo-oor die hekke om die lammers in warm maande te lok. Lusernhooi is ook handig - die reuk is aanloklik, veral as dit bietjie klam gemaak word. VP





Lamb Creep 80 (V30940) Sakmassa: 20 kg

086 111 5362 info@feedtek.co.za www.feedtek.co.za